

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 37: Shelach Lecha (שלח) – Gestuur namens iemand / Stuur jy

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “Stuur manne uit, dat hulle die land Kena’an, wat Ek aan die seuns van Yisra’el gaan gee, kan verken. Van elke stam van hulle vaders moet julle een man stuur, elkeen ‘n leier onder hulle.”* Num. 13:1 en 2 – PWL¹

Torah: Num. 13:1 tot 15:41

Haftorah: Joshua 2:1 tot 24

Nuwe Verbond: Matt. 9:20; 14:36; 23:5; Mark. 6:56; Luk. 8:44; Heb. 3:7 tot 19; Rom. 8:31, 37; Fil. 4:13; Heb. 11:32 tot 34; Rom. 15:4; 1 Kor. 10:11; Rom. 3:29 tot 31; Gal. 3:28 en 29; Efes. 2:11 tot 19.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 37 wat afgelaai kan word by: [Parashah37Notas14](#) en [Parashah37Notas16](#).

Just as a servant knows that he must first obey his master in all things, so the surrender to an implicit and unquestionable obedience must become the essential characteristic of our lives –
Andrew Murray.

Authority exercised with humility, and obedience accepted with delight is the very lines along which our spirits live – C.S. Lewis.

The true follower of Christ will not ask, "If I embrace this truth, what will it cost me?" Rather he will say, "This is truth. God help me to walk in it, let come what may!" – A. W. Tozer.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Midrash (Torah Bespreking)

Hersiening

Verlede week se Torahstudie het geëindig waar Mirjam skuldig was aan kwaadspraak (*l'shon hara*) teenoor Moses en Aäron en die gevolg was dat YHVH haar gestraf het met 'n veltoestand bekend as melaatsheid (Num. 12:9 en 10). As straf was sy vir sewe dae buitekant die laer opgesluit (Num. 12:14 en 15) tot sy weer rein was en kon terugkeer.

Wat met Mirjam gebeur het is bevestiging dat ons woorde skeppingskrag het. Dit wat ons in ons hart glo en met ons mond sê, beïnvloed ons lewe en omstandighede. Die korrekte gebruik van ons tong sal ons lewe en omstandighede positief beïnvloed. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Daarom het ons almal genesing van die tong nodig, maar ons wil, denke en emosie moet eerstens genees word sodat ons die dinge kan bedink wat in die hemel is – volgens die Vader se hart is – en nie wat op die aarde is nie.

¹As julle dus saam met Die Gesalfde Een opgestaan het, soek die dinge daarbo waar Die Gesalfde Een is en aan die regterhand van God sit. ²Word gevoed deur die dinge wat daarbo is, nie met dit wat op die aarde is nie, ³want julle is dood en julle lewe is saam met Die Gesalfde Een weggesteek in God. ⁴Wanneer Die Gesalfde Een, wat ons lewe is, openbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid openbaar word. Kol. 3:1 4.

Die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing is die verkenning van die Beloofde Land Kanaän en die verslag van die verkenners. Hierdie was 'n waterskeidings oomblik in Israel se geskiedenis!

In hierdie week se Torahstudie leer ons dat Israel nie die vertrouwe in YHVH, en ook nie die getrouheid aan YHVH, gehad het om volgens die belofte aan Abraham, en volgens die opdrag van God, die Beloofde Land Kanaän in besit te neem nie! Hierdie gebrek aan vertrouwe het baie ernstige gevolge vir Israel gehad, naamlik 'n verdere 38 jaar swerftog in die wildernis. 'n Hele geslag het in die wildernis gesterf. Hierdie behoort as waarskuwing vir ons te dien!!

Beloftes en Vertroue

¹יהרה het met Moshe gepraat en gesê: ²“Stuur manne uit sodat hulle die land Kena'an, wat Ek aan die seuns van Yisra'el gaan gee, kan verken. Van elke stam van hulle vaders moet julle een man stuur, elkeen 'n leier onder hulle.” ³Moshe het hulle uitgestuur uit die wildernis van Pa'ran, volgens die bevel van יהרה; almal manne wat leiers was van die seuns van Yisra'el. Num. 13:1 tot 3.

Ons leef in die einde van die eeue. Numeri bevat lesse van hoe ons moet oorleef en leer ons om nie dieselfde foute te maak as Israel nie. Ten opsigte van Israel skryf Paulus in 1 Kor. 10:11 en 12:

¹¹Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. ¹²Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Israel was gereed om Kanaän binne te gaan en YHVH het Moses opdrag gegee om twaalf owerstes (prince), een uit elke stam, te stuur om die land te verken. Moses het geweet dat die belofte van die Beloofde Land 'n "waarborg" ingesluit het, naamlik dat Israel die land sou verower. YHVH se beloftes vereis egter van die mens 'n handeling wat ooreenstem met die belofte, naamlik, in hierdie geval: *Gaan en neem die land in besit!!* Kanaän was die land wat YHVH aan die seuns van Israel sou gee!

Indien ons YHVH se beloftes glo, moet ons die ooreenstemmende vertroue (geloof) hê om die beloftes in besit te neem. Ons moet onthou dat YHVH se beloftes is Sy wil!! Daarom moet ons ooreenkomstig YHVH se beloftes optree. Ons moet optree volgens wat ons glo – ons optrede moet ons vertroue bevestig! Onthou: Vader-God gee ons elkeen die keuse om te besluit of ons Sy wil of ons eie wil gaan volg, en of ons Vader-God genoegsaam vertrou dat Hy Sy beloftes gestand sal doen.

Onthou: Geloof (vertroue) bestaan uit vertroue in YHVH en getrouheid aan YHVH! Die een kan nie sonder die ander nie! Vertroue in YHVH as die getroue Verbondsgod sonder getrouheid (gehoorsaamheid) aan YHVH se onderrig en instruksies is nutteloos! Die omgekeerde is ook waar. Luister na wat die skrywer van die brief aan die Hebreërs in hoofstuk 11 sê:

¹Vertroue is die oortuiging aangaande daardie dinge wat in versekerde verwagting is, asof dit daardie dinge in aksie is en die openbaring van die dinge wat nie gesien word nie, ²want deur dít was daar 'n getuienis vir die mense van ouds.

⁶Sonder vertroue kan geen mens Hom tevrede stel nie, want hy wat nader aan God gebring word, is dit verskuldig om te vertrou dat Hy bestaan en die Beloner is van dié wat Hom soek.

Vertroue is glo en doen en dan sal ons sien! Maar so dikwels wil ons eers sien voor ons glo! En so dikwels is dit wat ons sien en hoor die vernietiger van ons vertroue in YHVH!

Die verkenners was gesiene leiers en het dus groot invloed op die volk gehad! Hulle was veronderstel om die voorbeeld van vertroue en getrouheid te wees, maar.....!!

²⁵Hulle het teruggekom van die verkenning van die land ná verloop van veertig dae ²⁶en voortgegaan en by Moshe, Aharon en die hele vergadering van die seuns van Yisra'el gekom in die wildernis van Pa'ran, by Kadesh en aan hulle en aan die hele vergadering verslag gebring en hulle die vrugte van die land gewys. ²⁷Hulle het aan hom rapporteer en gesê: "Ons het gegaan na die land waarheen u ons gestuur het en waarlik, dit loop oor met melk en heuning en dít is sy vrugte. ²⁸Nogtans, die volk wat in die land woon, is sterk en die stede is versterk en baie groot en ons het die nageslag van `Anak daar gesien. ²⁹`Amalek bly in die Negev, die Hittiete, Y'vusiete en Emoriete bly in die bergland en die Kena'aniete bly by die see en langs die Yarden." Num. 13:26 tot 29.

Dit was die verslag van tien van die twaalf verkenners, maar Josua en Kaleb het nie hiermee saamgestem nie! Beide het egter nie die gedeelte van die tien verkenners se verslag oor 'n land wat sy inwoners verteer, en van die reuse van die land wat Israel soos sprinkane laat lyk, ontken nie. Hulle het egter met hulle geestes-oë gekyk en YHVH se belofte gesien en dit geglo.

Though Caleb and Joshua saw the same things that the other ten spies had seen, their assessment of the situation was completely different. They looked at the Anakim and the Canaanites through the eyes of faith. This is the difference between a blind faith and seeing

faith. Blind faith is uninterested in the data. "Don't confuse me with the facts." A seeing faith beholds the real world with all of its problems, but it interprets that world in steadfast confidence. It is an unquenchable spirit of optimism, a confidence in God's ability to utterly transcend each and every obstacle (Schelach, First Fruits of Zion, 2012).

The 12 spies all saw the exact same land and experienced the same mission. The majority doubted and influenced the nation of Israel to join them in the pig trough of worry. Doubters are never alone. It took Israel 40 years to kill the doubt of that original spy mission. (Bron onbekend)

Die twaalf verkenners was op dieselfde sending na die dieselfde land. Tien van die twaalf het getwyfel en die oorgrote meerderheid van die volk meegesleur in vrees, twyfel en kommer. Ja waarlik!! Die wat vrees, twyfel en bekommer is nooit alleen nie!! Dit het Israel 40 jaar geneem om die oes van twyfel, vrees en kommer af te haal en die nuwe saad van vertroue en getrouheid te saai.

Bepeins of Bespreek

1. Vertroue is gebaseer op feite en beloftes. ‘n Feit is dit wat reeds gebeur het, terwyl ‘n belofte is dit wat nog sal gebeur. Elkeen van YHVH se beloftes is egter ook ‘n feit, want YHVH is nie ‘n mens dat Hy sal lieg nie (Num. 23:19)! YHVH belowe asof dit reeds gebeur het! Voorbeeld: vergelyk Jes.53:4 en 5 met Matt. 8:14 tot 17. Ons glo dikwels die feite, maar nie die beloftes nie.
2. Vertroue is nie deel van ons natuurlike aard nie, maar vrees en ongeloof (wantroue) is wel deel van ons sondige aard. Daarom: Voed jou geloof en ongeloof sal sterf.
3. Verwys Num. 13:27 en 28. Ons vertroue is ook dikwels “Ja..... maar!” Ons sien ook dikwels die “vrugte” (bevestiging) (Num. 13:23 en 26) van wat YHVH belowe het en tog wantrou ons steeds!!!
4. Vertrou ons YHVH ten volle of wil ons ook eers ‘die land gaan verken’? Die verkenners het dinge uit ‘n vleeslike oogpunt gesien en die opdrag en die belofte van YHVH vergeet, asook vergeet dat Hy dit wat ons sien kan verander!
5. Soos ons eindtydgebeure en profesieë wat daarmee verband hou bestudeer, moet ons ook versigtig wees om nie soos die verkenners ‘n negatiewe verslag te gee wat veroorsaak dat YHVH se beloftes vergeet word. Is ons nie ook dikwels skuldig aan kwaadsprek (*la'shon hara*) teen YHVH nie? Is ons woorde oor eindtyd gebeure woorde van vrees of van hoop?

Die Sonde Van Die Verkenners

¹⁷Moshe het hulle gestuur om die land Kena'an te verken en vir hulle gesê: “Gaan hierlangs op in die Negev en gaan dan op in die bergland ¹⁸en kyk hoe die land is en of die mense wat daarin bly sterk of swak, min of baie is, ¹⁹of die land waar hulle bly, goed of sleg is en of die stede waarin hulle bly, soos kampe of vestings is. ²⁰Is die land vet of arm; is daar bome of nie, doen moeite en bring van die vrugte van die land saam.” Die tyd was toe die seisoen van die eerste ryp druwe. Num. 13:17 tot 20.

Tien van die twaalf verkenneers het, net soos Mirjam, ook kwaadgespreek van YHVH deur dat hulle nie Sy Woord (belofte) dat Hy die land aan hulle sou gee, geglo het nie en daarom nie bereid was om die opdrag om die land in besit te neem te gehoorsaam nie. Tien verkenneers, met die uitsondering van Kaleb en Josua, het 'n negatiewe verslag teruggebring wat feitlik die hele volk in opstand laat kom het en laat murmureer het – in rebellie gebring het!

Die hele vergadering het hulle stemme opgelig en die volk het dié nag gehuil. Al die kinders van Yisra'el het gekla teen Moshe en Aharon en die hele vergadering het vir hulle gesê: "O, as ons maar in Egipte gesterf het! Of as ons maar hier in die woestyn gesterf het!" Num. 14:1 en 2.

En soos reeds genoem, was die gevolg dat Israel vir 'n verdere 38 jaar in die wildernis rond geswerf het! In totaal was Israel dus vir veertig jaar in die woestyn. Dit wat veronderstel was om 'n reis van enkele dae te wees, het weens Israel se murmering (rebellie) teen Moses en Aäron 'n verdere swerftog van 38 jaar tot gevolg gehad. Tereg het Josua vir die volk gesê om nie teen YHVH te rebelleer nie (Num. 14:9).

Die verslag (slegte gerugte) van die 10 verkenneers het veroorsaak dat die volk begin murmureer het (Num. 13:31 en 32; Num. 14:1 tot 3). Om te murmureer is gelykstaande aan kwaadpreek (*la'shon hara*) en die wortel daarvan is ontevredenheid, onvergenoegdheid en hardnekkigheid wat talle besoedel (vergiftig) het (Heb. 12:15)! Die gevolg was dat hulle 'n nuwe leier wou aanstel om hulle na Egipte terug te neem en dat hulle die huidige leierskap wou stenig (Num. 14:4 en 10).

Die oorsprong van hierdie murmurering was, eerstens, ondankbaarheid vir wat YHVH reeds vir hulle gedoen het en steeds doen. In die verband moet ons nie die woorde van Paulus vergeet nie:

***14**Doen alles sonder om te kla en sonder verdeeldheid **15**sodat julle volmaak en onberispelik kan wees, as gereinigde kinders van God wat in 'n harde en verdraaide geslag leef, onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld. Fil. 2:14 tot 17.*

***16** Verbly julle altyd. **17** Bid sonder ophou. **18** Gee dank in alles, want dit is die wil van God, in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een, in julle. 1 Thess. 5:16 tot 18.*

Onthou: Dankbaarheid is 'n gesindheid wat elkeen moet ontwikkel – dit kom nie van nature nie!

Tweedens het twyfel en wantroue in YHVH se belofte aan Abraham ten opsigte van die Beloofde Land aanleiding gegee tot ontevredenheid en onvergenoegdheid met hulle huidige situasie. In die verband is die volgende die moeite werd om te onthou:

Murmurering begin wanneer ons dinge anders 'sien' as wat Vader-God dit 'sien' of wanneer dinge nie verloop volgens wat ons verwagting is nie. Deur die eeue was die stryd nog altyd tussen wat die Woord van YHVH sê en dit wat die mens sien, ervaar en begeer. Die oë is die vensters na die siel, maar die mens se siel (sy hart) is bedreiglik (Spr. 28:26). Hoe kan ons 'sien' wat YHVH 'sien'? 'n Moontlike antwoord vind ons in Spr. 23:26 – *My seun, gee vir my jou verstand, wil en emosie en laat jou oë my lewenswyses beskou.*

Murmering teen YHVH is rebellie en rebellie is sonde. Tien van die verkenneers het gesondig en die grootste gedeelte van die volk het ook teen YHVH gerebelleer en dus gesondig!

Afgesien van die sonde van die aanbidding van die Goue Kalf, was daar dus ook hierdie sonde wat Israel begaan het, naamlik dié van die volk toe hulle die tien verkenners se slegte gerug gehoor en geglo het, en toe verbitterd geraak het en na Egipte wou terugkeer sonder om die Beloofde Land in besit te neem. Maar die vraag is: Waarvan is hierdie sonde van die verkenners 'n sinnebeeld? Dit is 'n sinnebeeld van die Evangelie wat Israel verwerp het en daarom kon hulle nie die Beloofde Land ingaan nie. So ook met die geestelike Beloofde Land, as die Evangelie van Messias Yeshua wat soos druiwe vir ons gepars is, nie aanvaar word nie, kan die Beloofde Land, die Koninkryk van die Hemel, nie ingegaan word nie.

AndrYah skryf in sy artikel “Die Sonde van die Verpieders” dat die druiwetros wat die verspieders terugbring het 'n simbool is van Yeshua, die Eerste Vrugte van die edel Wingerdstok. Die “draagstok” is 'n paal en vergelyk met die folterpaal waaraan Yeshua gekruisig was.

Simbolies was die Evangelie dus aan die Verspieders en die Volk verkondig, en hulle het dit verwerp, behalwe Josua en Kaleb wat 'n tipe is van die Oorblyfsel waarvan ons nou ook deel geword het in die Orde van Melgisèdek.

Israel in die wildernis het dus simbolies die Messias verwerp omdat hulle nie die Land wou ingaan nie, ten spyte van die bewys en vertoning van hierdie Eerste Vrugte.

Die volledige artikel van AndriYah kan gelees / afgelaai word by: [SondeVerspieders](#).

Bepeins of Bespreek

1. YHVH het nie die twaalf verkenners gekies nie, maar die mense (Moses) het. Volgens Deut. 1:19 tot 24 blyk dit dat YHVH nie 'n direkte opdrag gegee het nie, maar eerder op versoek van die volk toestemming gegee het dat hulle verkenners kon kies om Kanaän te gaan verken. Hierdie twaalf verkenners was as leiers deur die volk beskou! Maar was hulle ware leiers volgens YHVH se standaard? Status (aansien, geldmag, herkoms, kwalifikasie, ens.) is nie die kriteria (maatstaf) van 'n goeie leier nie. Die twaalf verkenners was almal owerstes (prinse), maar dit het nie beteken dat hulle deur YHVH aangestel was nie of volgens YHVH se vereistes vir die taak geskik was nie. Dit is die taak van Vader-God om geestelike leiers aan te stel.

-O-O-O-O-O-O-O-O-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.